BESOEK
„RENFIELD”
MANSHAARKAPPER
VIR NETHEID
BELEEFDHEID
DIENS
Langs „Panorama” Teekamer
ANDRINGASTRAAT

# DIE MATIE

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
(Uitgegee onder beskerming van die S.R.)


Prys 13/6
LUBBE
vir Skoenherstelwerk en Sandale

Deel 5, Nr. 10 — SATERDAG, 1 SEPTEMBER 1951 — PRYS 3d.

# „STEMREG VAN EERSTEJAARS MOET VERANDER WORD” —

## Besluit Debatsvergadering

**'n Mosie dat die stemreg van Eerstejaars (histories) verander word, dat hulle slegs moet stem vir soveel persone as wat hulle in staat voel en goed genoeg ken en nie noodwendig vir sewe nie, is met 'n oortuigende meerderheid aangeneem op 'n onlangse vergadering van die Debatsvereniging.**

**By hierdie geleentheid is die beker vir die beste Eerstejaarredenaar toegeken en oorhandig aan Laurie Ackerman.**

Die inleier, Gustav Bam, het begin deur die begrippe in die mosie te definieer.

Die stemreg, sê hy, is die seggenskap van 'n student in sake van algemene studentebelang. Dit is die reg tot deelname aan beslissings wat gevel moet word.

### NAGMERRIE

Die eerstejaar is vir die Junior 'n versoeking, vir die Doopkomiteelid 'n nagmerrie en vir die professor eentonigheid. Onder die mosie verstaan spreker natuurlik slegs historiese eerstejaars.

Voorts bespreek die inleier die algemeen menslike neiging. Met „menslik” bedoel hy ook die dames, om „liewer dood te wil wees as uit die mode.” Daar is geen mens wat nie in die mode is nie. Hy is of in die mode van gister, dan is hy konserwatief; of hy is in die mode van vandag, dan is hy gematig; of hy is in die mode van môre, dan is hy uiters progressief.

### MODE OM TE PEUTER

„Dit is die mode in ons land om met die stemreg te peuter, soos die stemreg van vrouens en die aparte kieserslys vir kleurlinge getuig, daarom is dit ons plig om ook die stemreg te verander,” aldus mnr. Bam.

Die tweede beweegrede tot verandering lê in die wese van die Universiteit, wat 'n volksuniversiteit is. 'n Volksuniversiteit bestaan uit 'n klomp toekomstige akademici onder leiding van 'n paar teenswoordige akademici wat deur die volk opsygesit is om by geleenthede waar prys en lof nodig is, Bravo! te roep.

### BRAVO!

Die parlement spreek vir die volk. Waar die parlement die kleurlinge se stemreg verander het, moet ons Bravo! roep en die eerstejaar stemreg ook verander.

Die verandering moet daarin lê dat in plaas daarvan dat die eerstejaar by S.R.-verkiesings vir sewe persone moet stem, hy slegs vir soveel moet stem as waartoe hy eerlik vrymoedigheid het. Hierdie verandering gee die eerstejaar die gevoel dat hy 'n redeskepper is van die rigting waarin die Universiteit beweeg, maar verplig hom tog nie om vir mense te stem wat hy nie ken nie.

### VYF EISE

Mej. Elise Lindes sê saam met Voltaire dat sy betwis wat die inleier sê, maar nie sy reg betwis om dit te sê nie.

Sy stel vyf eise aan 'n persoon voordat hy die reg het om invloed uit te oefen op die keuse van persone.

Eerstens moet die persoon deel van 'n gemeenskap wees. Die eerstejaar woon in 'n koshuis, loop klas, ry fiets, maar blaas in teenstelling met Juniors nie fietse se wiele af nie. Hy is dus onbetwisbaar deel van die gemeenskap.

'n Persoon met stemreg moet verantwoordelik wees. Hy moet ook bekend wees met algemene norme. Die persoon hoef dus nie so veel verantwoordelik te wees nie, solank hy oordeelkundig is.

### RAAK INGELIG

Die eerstejaar is teen September reeds goed ingelig. Reeds in sy eerste week sorg 'n doopkomitee met 'n groot en breë hand dat hy ingelig raak.

Die eerstejaar raak goed bekend met die eise wat aan persone gestel moet word en die persone self. Hiervoor sorg die agterblad van Die Matie baie goed, asook die eerstejaar se gedurige kontak met ouer studente.

„Die voorgestelde verandering sal geweldig revolusionêr wees. Dit sal beteken dat die stemreg van Juniors en Seniors ook verander moet word. Die fooie aan die S.R. betaalbaar sal ook verander moet word. Die gedagte aan die toestand wat hierdeur geskep sal word, maak my seer,” het mej. Lindes afgesluit.

### OORTUIGEND

Dirk Bester en Laurie Ackerman het die inleier en teen-

(Vervolg in kolom 5)

## Kennisgewing

Die debatsvereniging se jaarlikse Senior Redenaarskompetisie wat môreaand sou plaasgevind het, moes tot volgende kwartaal uitgestel word.

Aangesien die Studenteraad se jaarlikse funksie môreaand gehou word, sal verskeie raadslede wat voornemens was om deel te neem nie kan deelneem nie.

**Ons spotprent verskyn elders — hierdie is vanjaar se Matie-redaksie. Voor, links na regs: Herklaas Viljoen, Mietsie Marais, Nico van der Merwe, „Capone” Olivier, Con Botha, Kina Botha, Mike Hough. Agter, links na regs: Graaff Oosthuizen, Kobus Minnaar, Christo Botha, Schalk Walters, Willem Botha, Basil Wunsh.**



# Predikaatstelsel 'n Ou Ding— Interessante Feite Ontbloot

**Die term „Predikaatstelsel” is eintlik 'n argaïsme, volgens Die Matie by die Registrateur van die Universiteit, mnr. D. J. Kriel, verneem het. Die eintlike predikaatstelsel was net in die jare 1918—1938 in gebruik. Sedertdien is dit deur die klassyferstelsel vervang. Verder is daar die moontlikheid dat die Junie-eksamen afgeskaf gaan word.**

Hierdie informasie is o.a. aan Die Matie verskaf toe 'n verslaggewer vir die verifikasie van enkele gerugte wat op Stellenbosch die ronde doen, 'n besoek aan die kantoor afgelê het.

### SEDERT 1918

Mnr. Kriel het, nadat hy seker gemaak het waarvoor die inligting eintlik nodig was en toe gesê dat die predikaatstelsel sedert 1918 gebruik is. Hierdie stelsel het met simbole A, B, C, D, ens.) gewerk. In 1938 is die klassyfer-stelsel wat in die meeste gevalle met 'n 5/4- of 4/5-kombinasie werk, ingevoer.

Die Matie wou nog baie graag vir eenmaal uitvind presies hoe die klassyfer-stelsel werk, maar tyd het daarvoor ontbreek. Uit onvertroubare bron egter, is verneem dat alleen twee persone, twee professore weet hoe die stelsel inmekaar steek, maar die een is ongelukkig reeds oorlede en die ander een het vergeet of wil nie sê nie.

### VERBAAS

Mnr. Kriel is hierop die pertinente vraag gestel: Is dit waar dat die Junie-eksamens afgeskaf gaan word? Hy was skynbaar verbaas oor die feit dat dit in studentekringe bekend is. Hy het verklaar dat daar wel so 'n moontlikheid bestaan, maar dat die Senaat eers op die 7de September finaal daarop sal besluit. Na Die Matie verneem, sal die Maarteksamen in so 'n geval aansienlik uitgebrei word.

Werklike verbasing was mnr. Kriel se voorland toe Die Matie aan hom vra of daar enige waarheid in steek dat ons moontlik, soos 'n geruggie lui, ons daaglikse brood d.m.v. 'n kafeteria-stelsel sal kry.

### VERSTOM

Hiervan het hy nog nie gehoor nie, en was verstom daaroor dat sóiets rondgesels kan word. „Staan dit i.v.m. die Langenhoven-gedenksaal?” het hy oorstelp gevra.

Die Matie kon toe nie anders as om af te lei dat daar nie waarheid in die storie steek nie.

(Vervolg van kolom 2)

stander onderskeidelik ondersteun.

Nadat die debat lewendig deur die gehoor bespreek is, is repliek gelewer. Die vergadering het toe die mosie met 'n oortuigende meerderheid aangeneem.

Die beker vir die beste eerstejaar-redenaar is hierna deur mej. Lindes aan Laurie Ackerman oorhandig. Alle eerstejaars wat aan die debat deelgeneem het, het vir die beker in aanmerking gekom.

## Twee Studente Ernstig Beseer

Twee studente het in die afgelope tyd beserings van ernstige aard opgedoen.

Die een is Dawid Strauss, wat 'n ongeluk gehad het met sy motorfiets. Hy het in 'n paal voor Wilgenhof vasgery en sy een been op twee plekke gebreek.

Die ander is Daantjie Esterhuyzen, finalejaar Tokkelok, wat verlede Dinsdagmiddag in 'n interkoshuis rugbywedstryd seergekry het. Sy enkel is heeltemal uit die potjie geruk en die besering is van ernstige aard.

Langs die weg wil Die Matie vir hulle alle beterskap toewens.

# U.K.-Kunsfeesprogram

'n Vyf-weke lange program wat reeds op 21 Augustus begin het, sluit konserte, toneelstukke, balletuitvoerings, operas, rolprente, uitstallings en voorlesings in Afrikaans en Engels in.

Hierdie kunsfees is bedoel om die publiek daaraan te herinner dat die funksie van 'n Universiteit nie slegs die oordra van boekkennis of tegniese vaardigheid is nie, maar ook om sy studente se sin van waardering te ontwikkel en om by hulle 'n liefde uit skoonheid, en die uitdrukking daarvan deur die kunste aan te leer.

**Vrydag, 31 Augustus:**
8.15 nm.. Klein Teater: „Crime Passionel."
8.15 nm.: Hiddingh-saal: Konsert deur die studente van die S.A.C.M. en departement Spraak, Voordrag en Toneel: „Aspects of the Voice."

**Saterdag, 1 September:**
8.15 nm.: Klein Teater: „Crime Passionel."
8.15 nm.: Stadsaal : Universiteitsballet met stadsorkes, gedirigeer deur Enrique Jorda.

**Maandag, 3 September:**
8.15 nm.: Klein Teater: „Crime Passionel."
8.15 nm.: New Science Lecture Theatre: „Orpheus."

**Dinsdag, 4 September:**
3.0 nm.: Arts Lecture Theatre: Mnr. L. Schach: „The True Function of the Amateur Theatre."
8.15 nm.: Klein Teater: „Crime Passionel."

**Woensdag, 5 September:**
8.15 nm.: Hiddingh-saal. Film: „Orpheus" en „U.C.T. Documentary."
8.15 nm.: Klein Teater: „Crime Passionel."
8.15 nm.: Kamer 4 Kunsblok: Lesing deur dr. T. B. Davie: „The Idea of University: The Cultural and Educational aims of the U.C.T."

**Donderdag, 6 September:**
3.0 nm.: Arts Lecture Theatre: Lesing: „Die Moderne Afrikaanse Poëse." deur prof. F. E. J. Malherbe en mnr. E. van Heerden.
8.15 nm.: New Science Lecture Theatre: Valskermdebat.
8.15 nm.: Klein Teater: Kostume-aand gereël deur mej. Joyce Burch.

**Vrydag, 7 September:**
8.15 nm.: Hiddingh-saal: Konsert deur die Universiteitsorkes met studentesoliste: „Musiek van die 17de en 18de eeue."

**Saterdag, 8 September:**
8.15 nm.: New Science Lecture Theatre: „Orpheus" en „The Magic Garden."

**Maandag, 10 September:**
8.15 nm.: Temple-saal, Hoofweg, Seepunt: „Malay Wedding" met Junior sentrale koor.

**Dinsdag, 11 September:**
3.0 nm.: Arts Lecture Theatre: Lesing: „What Modern Philosophers Think" deur prof. A. H. Murray en dr. H. Hinderks.

**Donderdag, 12 September:**
3.0 nm.: Arts Lecture Theatre: Lesing: „The Fine Arts Today" deur mnr. Deane Anderson en dr. Bronkhorst.

**Vrydag, 14 September:**
8.15 nm.: Hiddingh-saal: Konsert van Instrumentale- en kamermusiek deur personeel en studente van die S.A.C.M.

**Saterdag, 15 September:**
8.15 nm.: Hiddingh-saal: Film: „Orpheus" en U.C.T. Documentary."

**Maandag, 17 — Sat. 22 Sept.:**
8.15 nm.: Klein Teater: Operas: „Suor Angelica" van Puccini en „La Serva Padrona" van Pergolesi.

**Plekbespreking soos volg:**
Klein Teater-opvoerings by Darters; Ballet by die Stadsaal; Filmvertonings by Stuttafords. (Studente moet registrasiekaarte toon).


DIE MATIE

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES.

TARIEF: 1/- vir eerste twaalf of minder woorde, daarna 1d. per woord ekstra.

(Hierdie advertensies kan by die Advertensiebestuurder, Huis-Visser ingehandig word.)

TE KOOP


Kamera, Voigtländer, 120-filmgrootte, f. 4.5, spoed 1/250. Feitlik nuut — Blignault, Wilgenhof.

LOST

Sanity of Junior — one night last week between midnight and 6 a.m.— Reward offered.



DIE
Panorama Kafé
(Eien. E. W. Burton)
Die Populêrste Kafé in
STELLENBOSCH
VIR
Tee, Warm en Koue Etes — ook Tuisgemaakte Koek, Wafels, Pannekoek, Ens. Die beste Geregte, smaakvol bedien, unieke atmosfeer.
Ons is elke dag tot u diens van 8.30 vm. tot 11.30 nm.
Ons Roomys-melkdranke, „Parfaits", „Banana-Splits", „Sundaes", Ens. is onverbeterlik.
TEL. 1091 ANDRINGASTRAAT


### VERKIESINGSUITGAWE

Ons volgende uitgawe, wat op 14 September verskyn, sal die S.R.-verkiesingsuitgawe wees.

## Interkoshuis Wedstryde

Hierdie wedstryde vind plaas onder die beskerming van die Stellenbosse Rugby Voetbalklub en is in 1949 ingestel. Die spanne wat deelneem is al die manskoshuise en privaatstudente. In hierdie wedstryde word meegeding om die Hugo Basson-beker.

Die wedstryde word gereël deur 'n Skakelkomitee bestaande uit 'n Voorsitter (klubkaptein Ken Watson), ondervoorsitter (lid van die S.R.V.K., mnr. Attie Slabbert), sekretaris (Hitler Hanekom, Dagbreek) en verteenwoordigers uit elke koshuis, t.w. S. van der Merwe (Wilgenhof), Tobie de Clercq (Huis-Marais), J. Mansfield (Huis-Visser), H. Viljoen (Helderberg), Kleppies Heyns (P.S.O.)

Die wedstryde word gewoonlik op Dinsdae en Woensdae afgespeel en entoesiasme is hoog en baie onbekende talent het tevoorskyn gekom.

Die puntelys was met die ter perse gaan van Die Matie as volg:

| | S. | W. | V. | G. | P. |
|---|---|---|---|---|---|
| Dagbreek A | 4 | 3 | 1 | 0 | 6 |
| P.S.O. A | 3 | 2 | 0 | 1 | 5 |
| Huis-Marais | 3 | 2 | 1 | 0 | 4 |
| Helderberg | 2 | 1 | 0 | 1 | 3 |
| Huis-Visser | 3 | 1 | 2 | 0 | 2 |
| Wilgenhof | 3 | 1 | 2 | 0 | 2 |
| P.S.O. B | 3 | 1 | 2 | 0 | 2 |
| Dagbreek B | 3 | 0 | 3 | 0 | 0 |


A. BLOMMAERT
Produkte- en Algemene Handelaar
Telefoon 48:
PRODUKTE, YSTERWARE, ens.
Telefoon 176:
KRUIDENIERSWARE.
Kerkstraat Stellenbosch


# Destyds

## Ons Rubriek oor die Goeie ou Dae

***Met 'n sangfees aan die kom, en die feit dat 'n simfonie-orkes gereeld hier 'n uitvoering hou, laat 'n mens wonder of musiek en sang altyd so 'n plek in die studentelewe ingeneem het. Dit het nie!***

*Musiek en sang was nie al die jare van so 'n gehalte soos dit nou is nie! 'n Sangfees sou in die jare vroeg, te wete so 'n sewentig jaar gelede 'n onmoontlikheid wees.*

### *IN SKOOLSAAL*

*Selfs oor die waardering daarvan wonder 'n mens selfs, want wyle prof. Jannasch, musieklektor in daardie dae, skrywe in die Victoria-kollege se Gedenkboek dat daar destyds musiekuitvoerings in die Wesleyaanse Skoolsaal gehou is, maar dat die musiek in baie gevalle geheel en al gesmoor is deur die gesels van die gehoor.*

### *GESKOK*

*Hy vertel ook dat sang eintlik maar net in naam bestaan het. Hy was orrelis in die Moederkerk en was geskok oor die slepende sang in die kerk. Hy het 'n poging aangewend om die tempo 'n bietjie versnel te kry, maar dit het nie byval gevind nie, en onder andere verskyn daar in die pers 'n brief van verontwaardiging waarin gesê word: „Onze orgelist speelt drie noten voor een"!*

*Volgens daar vertel word, was serenades indertyd geensins van swakker gehalte nie.*

### *TWEE DEBATSVERENIGINGS*

*Daar was destyds nog twee debatsverenigings op Stellenbosch, naamlik die Union- en die College-debatsvereniging. Daar was altyd 'n heftige wedywering tussen die twee groepe.*

*Dit was by hulle 'n vaste gebruik om eenkeer per jaar op dieselfde aand 'n waatlemoenfees te hou — apart! Na hierdie feeste, wat altyd op 'n skilgooiery uitgeloop het, afgehandel was, het die groepe met twee perdekarre bymekaargekom en 'n resies deur die dorp in, gehou.*

### *GROOT SERENADE*

*Sodra die wedren afgehandel was, het die debatteerders dan almal saam 'n groot serenade by die dames, professore en mense van belang gehou.*

*Die Y.M.C.A. het later egter 'n koorsangvereniging gehad en het goeie werk gelewer.*

*Die College Volunteer Corps het 'n koperblaasorkes gehad wat by al die militêre funksies van die korps, sowel as sosiale funksies van die kollege opgetree het.*

*In 1905 is die Conservatorium-gebou voltooi en het musiek en sang 'n vaster en belangriker plek op Stellenbosch ingeneem.*


CARL BERGH
PLEINSTRAAT
ALTYD EERSTE MET DIE NUUTSTE IN MANSKLERASIE

# Die Matie

**REDAKSIE**

**HOOFREDAKTEUR: J. R. Olivier (Wilgenhof).**
ASSISTENT-REDAKTEUR: Nico van der Merwe (Huis-Marais).
NUUSREDAKTEUR: Con Botha (Huis-Visser).
SPORTREDAKTEUR: Herklaas Viljoen (Helderberg).
Medewerker: Graaff Oosthuizen (Dagbreek).
SPORTREDAKTRISE: Mietsie Marais (P.S.O.).
VERSLAGGEWER: Willem Botha (Wilgenhof).
KUNSREDAKTRISE: Kina Botha (P.S.O.).
SPOTPRENTTEKENAAR: Schalk Walters (Huis Marais).
FOTOGRAAF: J. S. Minnaar..

**ADMINISTRASIE**

SEKRETARIS-TESOURIER: Mike Hough (Wilgenhof).
ADVERTENSIEBESTUURDER: Basil Wunsh (Huis-Visser).
SIRKULASIEBESTUURDER: Christo Botha (Wilgenhof).

SATERDAG, 1 SEPTEMBER 1951


## WORD NUUSKIERIG

Die Studente-unie begin nuuskierig te word. Sommiges begin selfs kriewelrig te word, en niemand kan hulle juis verkwalik nie.

In Mei verlede jaar is daar 'n lang memorandum insake die Langenhoven-gedenksaal aan die Universiteitsraad voorgelê. Daar is toe duidelik besef dat hierdie reusetaak een is wat die inspanning van jare vereis, en nie sondermeer afgehandel kan word nie.

Nogtans was daar heelwat spekulasie oor die perseel waar die saal moet opgerig word en oor die vorm wat die saal as gemeenskapsentrum sou inneem. Daar is baie gepraat en baie geskryf, en dit het begin lyk asof die verwesenliking van hierdie groot ideaal nie meer baie ver verwyder was nie.

Later in die jaar het die kwessie van danssaal of teater op die voorgrond getree. Die Studenteraad het die saak uitvoerig bespreek op die langste S.R.-vergadering van die jaar. Nog later, in September het die L.G.-komitee 'n lang verklaring uitgereik waarin hulle die keuse vir die saal op 'n teatervorm stel.

Dit was verlede jaar. In April vanjaar is die saal weer op 'n S.R.-vergadering bespreek, en is daar geopper dat die bouwerk moontlik eersdaags sal begin. Die saak is daar gelaat, en behalwe vir 'n bespreking op 'n S.R.-vergadering, waar Die Matie se verteenwoordiger nie toegelaat is nie, is daar sover ons weet nog niks verder gesê of gedoen nie.

Dit is die rede waarom die Studente-unie begin wonder waar sake staan in verband met die Langenhoven-gedenksaal.

## 'n Goeie Begin

Op 'n onlangse debatsvergadering is 'n mosie aangeneem wat daarop gemik is om historiese eerstejaars se stemreg te wysig. Daar is reeds lankal 'n gevoel onder die studente dat daar iets skort aan die eerstejaarsstemming by Studenteraadsverkiesings. Daar is gevoel dat eerstejaars oor die algemeen nog te min weet van studentesake om in te sien watter kandidate die algemene studentebelang die beste sal behartig. Daarbenewens is daar gevoel dat die eerstejaars geneig is om as gevolg van hulle onvoldoende kennis van studentesake dikwels vir 'n persoon te stem slegs omdat sy naam bekend is — dit maak nie saak waarvoor nie.

Om hierdie rede is die eerste stap, deur die debatsvereniging geneem, grootliks te verwelkom.

## „Gillende Aanval" Aangeval

**Mnr. A. J. Lategan, Dennesigstraat 14, skryf:**

As 'n mens let op die woorde waarmee „Student" sy gillende aanval op die regstudente in die Matie van 17 deser afsluit, dan sien jy die rede in waarom hy soiets doen. Die woorde lui nl.: „Ek voel beter."

Soos us weet, by sekere mense kom die selfgeldingsdrang op die eienaardigste wyse tot uiting, veral as daardie bepaalde persoon 'n minderwaardigheidsgevoel het. Die genoemde woorde van die geagte korrespondent toon duidelik dat hy nou, nadat hy 'n briesende en ongeregverdigde aanval op 'n groep studente, van wie dit vir hom voorkom, 'n enigsins hoër dunk as van hom gekoester word, geloods het, baie meer van homself dink; maak nie saak of hy nou ook al daardie bepaalde groep se gevoelens kwes nie.

Hy laat my baie dink aan 'n renoster wat, na verydeling van sy aanval op 'n bepaalde dier, sommer sy nyd lug op enige voorwerp in die nabyheid. (Het „Student" miskien 'n geskil gehad met sy kam?)

Soos waarskynlik daarop gelet is, is die grootste deel van sy brief, en argumente wat hy aanvoer om die verwaandheid van die regstudente te toon, nie soseer 'n beklemtoning van wat hy wil bewys nie, maar is dit gemik teen die feit dat die regstudente nie syns insiens genoeg werk nie.

Afgesien daarvan dat die hoeveelheid werk niks te doen het met die mate van verwaandheid van 'n student nie, is die bewering belaglik en heeltemal ongegrond.

Ek wil die ongelukkige korrespondent verwys na die 1951-uitgawe van die Jaarboek van die Universiteit waarin die B.A.-regskursusse, genoem A en B onderskeidelik, aangegee word met hul onderskeie indeling van vakke vir die 1ste, 2de en 3de jare. U sal daar merk dat vir kursus B, wat die meeste regstudente volg (A is nog moeiliker) die aantal vereiste vakke vir die 1ste jaar ook maar vyf is. Vir die 2de jaar is dit vier, i.p.v. drie soos vir die gewone B.A.-student.

In werklikheid kom dit daarop neer dat, aangesien die meeste studente nie Latyn as vak op skool gehad het nie en aangesien dit 'n vereiste is vir die kursus, hulle in die 1ste jaar ses vakke het (Beginners-Latyn ingeslote) en in hul 2de jaar dan ook vier vakke.

Met die B.Comm.-kursus in die regte is die werk en vakke nog veel meer.

Hy praat met 'n mate van minagting van die LL.B.-graadjie en hy is die mening toegedaan dat regstudente dit net wil behaal om die naam daarvan, en dat hulle dit nou nie juis ten beste in die praktyk sal gaan aanwend nie.

My vriend, al wat ek kan doen, is om jou te bejammer, want ek sien duidelik dat jy nie weet waarvan jy praat nie. Ek daag jou uit om vas te stel hoeveel studente vandag hul kursus begin met 'n vaste besluit oor wat hul ná voltooiing van hul kursus gaan doen, met ander woorde wat hul kursus net as 'n middel sien om hul doel te bereik. Nee, vriend, die meeste sien die kursus as die doel op sigself.

Ten slotte wil ek „Student" daarop wys dat hy homself lelik weerspreek. Dwarsdeur sy hele brief klaag hy bitterlik omdat regstudente nie genoeg werk nie, hul studies nie ernstig genoeg opneem nie, maar, my besorgde vriend, vra jouself af: is die feit dat regstudente oral en ontydig, soos jy beweer, gesels oor hul werk en dinge wat met hul toekoms in verband staan, nie genoegsame bewys dat hierdie manne wel hul werk opvat in die sin waarin elke eerlike student dit behoort te doen nie?

'n Mens moet die gawe van leierskap besit om te kan lei, en as die regstudent dan die studentegemeenskap in so 'n groot mate lei as wat jy beweer, bewys dit dan nie ook dat hulle vir jou kan toon aangee nie.

Ruk reg ou kêrel.

## 'n Goeie Wenk

**Mej. Berendina Nel, Huis-ten-Bosch, skryf:**

Tereg deel H.D.B. saam met baie ander in die haas vervelende skrywery oor die onderwerp „Juniordag." Ten spyte daarvan dat „Waarnemer" uit Huis-ten-Bosch die besprekingspunt ingelei het, is dit nie verteenwoordigend van al die Huis-ten-Bossers nie. Gesien die groot aantal persone wat anders dink, neem ons eksepsie teen die veralgemening van die mening wat „Waarnemer" toegedaan is en wel in die woorde van H.D.B.: „Dametjies van Huis-ten-Bosch." Ons sal gelukkig voel as verdere kritiek teen „Waarnemer" as sodanig gerig word.

Van kritiek gepraat: ek voel geneig om „Student" te komplimenteer met sy sukses om katterige kritiek teenoor Regstudente te lewer. Ongelukkig het hy 'n heel paar aspekte van ons kursus òf uit die oog verloor òf hy dra nie kennis daarvan nie.

„Student" maak melding van 8 klasse per week gedurende die 3de jaar maar „de helft is je nimmer verteld." In die 2de semester van ons vyfde jaar is daar slegs so veel soos 4 klasse per week, waarvan almal ook nie gevolg hoef te word nie, en geen klastoetse nie! Voel jy nou nog beter „Student?"

Met reg kan ons trots wees op ons kursus want die gebrek aan deursettingsvermoë volgens „Student" word dan tog immers aangevul deur 'n gesonde oordeelkundigheid in die sin dat ons genoeg verstand besit om 'n goeie kursus, nl. LL.B., te volg — baie populêr weens die min klasse. 'n Goeie wenk aan „Student" is om maar te verander na Regte.

## Wat Dink U?

## „Galsteen-Brief"

**„Oud-Matie", Marikana, Tvl., skryf:**

Ek wil met hierdie brief verskoning aanvoer, nie vir myself nie, maar vir 'n by hierdie tyd, „heilig oortuigde" Johann Lötter. Ek dink hy het sy kuikentjies begin tel voordat hy die muishond doodgeskiet het. Moet hom dus geensins hard oordeel met betrekking tot sy gal-brief wat eers in die „Perdeby" en later in „Die Matie" geplaas was nie, hy is maar net 'n tipiese voorbeeld van 'n opregte Tukkie.

Verskeie kere al het Tukkies my genader en gevra hoekom die Maties so 'n „Matie-kompleks" het.

Dit het my so stadigaan tot die gevolgtrekking laat kom dat dit die Tukkies is wat aan 'n Matie-kompleks of liewer 'n Matie-obsessie ly.

Tussen hulle en ander universiteite heers daar nogal 'n taamlike broederskap. Maar teen die Maties word daar net altyd giftig gespu.

Wat die „feite" betref wat mnr. Lötter aanhaal kan ek hom net daarop wys dat in die tussen-universitêre rugby - botsing wat so 'n paar jaar gelede plaasgevind het, nòg die Ikeys nòg die Maties deelgeneem het; dat, sover ek weet daar net één Tukkie vir N.-Transvaal speel: Dinkelman.

Verder het 'n Matie-derdespanspeler ook vir N.-Transvaal gespeel en tussen hakies, wie speel vir Tukkies in skrumskakelposisie? Is dit nie 'n oud-O.19 B-skrumskakeltjie van Maties nie?

Ek sê, Johann ou Semel, hoe lyk dit my jy gaan 'n bietjie sluk aan daardie galsteen-brief van jou, Uh?!

## Losiesgeld

**„Spaarsaam," Dagbreek skryf:**

Net waar 'n mens vandag op straat loop, of in 'n koerant lees, verneem jy van 'n student of van sy ouers dat hulle baie ontsteld-verontwaardigd is oor die losiesgeld wat so hoog is en moontlik nog verhoog kan word.

Ek pleit nie dat ons saans in die donker moet bad of by 'n kers moet sit en leer nie, maar is dit nodig om die badkamerlig die hele aand te laat aanbly of die verwarmer te laat brand as ons die aand gaan fliek?

Eers het ek gesê: „Mors maar, want ek betaal mos!" Nou sê ek: „Wees spaarsaam, miskien moet ons dan minder betaal!"

(Verkort.—RED.)




*Certainly, Sir!*

*Delivery right away! Van der Stel's for Service! We carry large stocks of South African and Imported Wines, Spirits, Malts, Cordials and Mineral Waters. And if your particular request is not in stock we'll do our best to get it for you—quickly. Make a note of our phone number. It's 94. Good day, Sir!*

VAN DER STEL BOTTLE STORE
Telephone 94 STELLENBOSCH



*Pas ontvang!*

- PRACTICAL COOKERY FOR ALL ... ... 14/9
- THE MIRACLE OF MAN ... ... ... ... 11/-
- THE UNIVERSAL BOOK OF HOBBIES AND HANDICRAFTS ... ... ... ...... 13/-
- THE MIRACLE OF LIFE ... ... ... ... 12/3
- WILD LIFE OF THE WORLD ... ... ... 13/-
- MIRACLES OF INVENTION AND DISCOVERY ... ... ... ... ... ... ... 11/-
- PRACTICAL ELECTRICAL WIRING ... 12/3
- THE WORLD'S AIRWAYS ... ... ... 13/3
- THE COMPLETE HANDYMAN ... .... 11/-
- MAN AND HIS LIFE THE WORLD OVER 15/9
- WILD LIFE ILLUSTRATED ... ... ... 13/-
- WAYS OF MEDIEVAL LIFE AND THOUGHT ... ... ... ... ... ... ... 15/9


*Verkrygbaar by*

**UNIVERSITEITS-UITGEWERS EN -BOEKHANDELAARS (EDMS). BPK.**

Posbus 29

PLEINSTRAAT STELLENBOSCH

# VOLKSPELE-BANIER ONTHUL



„Oom" Freddie Kirsten en „Neef" Sampie van Vuuren by die pasonthulde Volkspele-banier.

Prof. dr. J. F. Kirsten (Oom Freddie), het Vrydagaand, toe hy die banier van die Universiteits-volkspelelaer onthul het, o.a. die hoop uitgespreek dat die laer sal groei totdat al die studente op Stellenbosch daaraan behoort.

Ná 'n uur van aangename samespel onder leiding van die studentelaer se tydelike leier, het almal versnaperinge in die buitelug gaan geniet. Nadat almal innerlik versterk is, het hulle hulle om die bedekte banier geskaar. Die leier vir die aand, neef Sampie van Vuuren, het 'n kort oorsig gegee oor die begin en ontwikkeling van Volkspele op Stellenbosch.

Daarna het „Oom Freddie Kirsten" die toutjie getrek en die banier het oopgeswaai. Oom Freddie het uitgewy oor die waarde van die leuse op die banier: „Lewensvreugde wek Lewenskrag." Hy het die hoop uitgespreek dat die laer sal groei tot al die studente op Stellenbosch daaraan behoort.

Hierna was oom Okkie Theron, leier van die dorpslaer, en leier van Kaapland by die Inwyding van die Voortrekker-monument en by die Van Riebeeck-fees aan die woord. Spyt is uitgespreek oor die feit dat die studentelaer se eintlike leier, neef Attie Smit, tans in die hospitaal verkeer en nie die verrigtinge kon bywoon nie.

Die spele is hervat, hierdie keer onder leiding van oom Okkie Theron en veral is klem gelê op die spele wat by die Van Riebeeck-fees gespeel sal word.

# MODERNE DANS VIR EERSTE KEER OP STELLENBOSCH

**Lede van die Kaapse Balletskool onder leiding van Teda de Moor lewer vanaand vir die eerste keer in Stellenbosch se geskiedenis 'n uitvoering van moderne dans. Hierdie uitvoering geskied om 8 nm. in die Conservatoriumsaal.**

Hoewel hierdie kunsvorm iets nuuts in Suid-Afrika is, word dit reeds vir 'n geruime tyd oorsee beoefen en staan op gelyke voet met ballet en word selfs op sommige plekke bó ballet verkies. Hierdie groep is reeds bekend vir hul goeie werk.

**GELEENTHEID**

Dit is 'n uitstekende geleentheid vir almal wat nie weet wat die term „moderne dans" uitsluit nie, om meer te wete te kom van hierdie kunssoort.

Die program sluit individuele sowel as groepsdanse in, wat vasgelê word in abstrakte idees, soos bv. „Falling" en „Eviction," en dan ook konkrete gedagtes soos „Hebridean" wat 'n voorstelling van die visserslewe is.

**AFRIKAANSE TEMA**

Aan die begin word alreeds gebruik gemaak van 'n Afrikaanse Tema. „'n Vrou" is gebaseer op verse uit „Die Dieper Reg" van N. P. van Wyk Louw, en die musiek wat hierby gebruik word, is ook gekomponeer deur 'n Suid-Afrikaner.

Meer as een spreek die wens uit dat meer sulke vertonings in skole gegee word, in plaas van die stereotipe vertonings.

Die Klein-Teater in Kaapstad het alreeds twee baie suksesvolle vertonings gehad. Toegang tot die plaaslike uitvoering bedra 2s. en beloof om baie suksesvol en interessant te wees.

# Leersame Lesing Oor Plastiese Stowwe

**Dr. P. W. van der Merwe het onlangs 'n baie interessante en leersame lesing oor plastieke voor die Wetenskaplike vereniging gelewer. Die toehoorders was verras om te verneem dat sulke ingewikkelde verbindings gevorm kan word van eenvoudige stowwe soos formalien en karbolsuur.**

Sellulose, die vernaamste bestanddeel van katoen en hout, is die stof waarvan plastieke eerste berei is deur 'n klein wysiging van die proses waarvolgens skietkatoen vervaardig word, aldus dr. Van der Merwe.

**ONTVLAMBAAR**

In die vorige eeu was selluloïed reeds in algemene gebruik, maar dit is gevaarlik ontvlambaar en het plaasvervangers gekry in die nylon en sellofaan van vandag, waarvoor sellulose ook as grondstof diens doen.

Interessante dinge soos „plexiglass" wat ligstrale sterk deurlaat, klipharde isolasie-materiaal van papier vervaardig, en 'n paar demonstrasies oor die bereiding van bakeliet van verskillende kleure en eienskappe het bygedra tot 'n aangename en leersame aand.

**DOEPA EN KNALLE**

By een geleentheid het dr. Van der Merwe 'n handdoek oor 'n fles gegooi, en na 'n aantal minute van afwagting het die „doepa" tot gevolg gehad 'n paar gedempte knalle, en siedaar! ligpers bakeliet, geskik vir 'n halssnoer!

Nadat allerhande voortreflikhede van nylon soos gebruik vir viskoord, bespreek was, en die dameslede van die gehoor iets te wete gekom het oor die wese en inwendige struktuur van die stof vir hulle so bekende materiaal, het dr. Van der Merwe die feit beklemtoon dat plastiese stowwe permanent gekom het en reeds 'n onmisbare entiteit in ons alledaagse lewe is.

„Dit is die eeu van die atoom en van plastieke," het die voorsitter besluit, en nadat hy dr. Van der Merwe bedank het, is die vergadering uiteen met geprikkelde gemoedere en nuwe belangstelling in dié uiters nuttige stowwe.

# Robin Hood En Sherwood Forest

Wilgenhof se jaarlikse huisdinee het afgespeel in Sherwood Forest, met Robin Hood en sy makkers as kelners. Die bome, kerse en ander dékor het 'n realistiese atmosfeer aan die fees verleen.

Robin van Dijk Hood (primarius) het die gaste welkom geheet, Friar Smit Tuck (mnr. J. A. Smit, eregas) het 'n heildronk op die dames ingestel, Maid Marian (Cecile) Mostert het geantwoord en Little John Louw (dr. M. S. Louw) het 'n paar woorde oor Wilgenhof in sy dae gesê.

Die funksie is voortgesit in die fliek, en afgerond met soutigheidjies en koffie in die „bos." Die afskeidswoorde is gerig deur Much, the Miller's son (Louis Stofberg).


Colin Lockley
EN KIE
Pleinstraat
STELLENBOSCH

Spesialiteite in VERGROTINGS, KLEUR- EN ALLE BUITEFOTOGRAFIE

BELANGRIK!

By die afwesigheid van wetgewing in Suid-Afrika vir die beheer van gesigkundige praktyk, is daar geen wetlike bepaling teen die gebruik van die benaming „Gekwalifiseerd" ten opsigte van Gesigkundige Dienste nie .

DIE SUID-AFRIKAANSE VERENIGING VAN GESIGKUNDIGES gestig in 1924, beperk sy lidmaatskap tot diegene wat voldoen aan behoorlike standaarde van opleiding en eksamen, neergelê deur die Vereniging.

SOUTH AFRICAN OPTICAL ASSOCIATION

Vir die inligting van die publiek word die volgende lid van die vereniging te Stellenbosch toegelaat om die simbool van die vereniging, soos hier afgebeeld, te vertoon en die letters „F.O.A. (S.A.)" te gebruik.

D. E. THERON, Bestuurder
(J. MULLER en SEUNS (Eiens.) Bpk.)
Andringastraat 37, Stellenbosch.

Hoofkantoor: KAAPSTAD, asook Port Elizabeth en Oos-Londen.




Suid-Afrika is Leeu-wêreld!


AA1143B

Vir Alles Tuisgemaak Kom na
DIE UITSPAN
Ons Reël Partytjies en Dinees.
Bestellings word geneem vir Melkterte, Koeksisters, Koek ens.
*Die ENIGSTE Kafee in Matieland wat vir u tuisgebakte koek kan aanbied.*

Miljoene mans dra klere, maar baie min dra klere wat mooi pas. Vir daardie buitengewone mooi snit is daar net een plek.

GRAUPNER
(Edms.) Beperk
Stellenbosch se mees ervare Kleremaker.
Pleinstraat 6 Foon 749
STELLENBOSCH.

Ons het ook Damesrokke, Jasse, Kostuums, ens. in voorraad en ons gee ook 'n Spesiale Afslag vir Studente.



*Waar u ook mag wees*
Kommando
*is die gewildste Suid-Afrikaanse sigaret*




G1-3050-AF

# DAGBREEK KRY EIE VLAG: SAL GLO HALFMAS HANG OP PREDIKATEDAG

**In Stellenbosch gebeur baie snaakse dinge: Daar is koshuise wat roem op hul tradisie, daar is koshuise wat roem op hul kanaries en nou is daar ook een wat roem op sy vlag.**

### WEET NIE . . .

Oor Dagbreek wapper daar 'n vlag. Oplettende studente het dit miskien al agtergekom en die ander weet nie wat hulle mis nie, lui 'n verklaring vanuit die hart van Dagbreek.

Die inisiatief om 'n vlag vir Dagbreek in die lewe te bring, is uit die geledere van die inwoners self afkomstig. Nadat die idee vir 'n geruime tydjie oral in die koshuis gepropageer is, is 'n mosie in die verband voor 'n gekombineerde huisraadvergadering gelê. Na 'n warm debat, hoogtepunte nie uitgesluit nie, is daar met 'n oorweldigende meerderheid besluit om 'n vlag aan te skaf.

### WAARSKUWING

Die vlag is rooi van kleur — donkerrooi. Rooi sodat dit kan dien as waarskuwing vir enige Ikeys wat dit dalk weer sal wil waag om die vesting aan te val; donkerrooi, om die swartgallige geestestoestand van die blokkende menigte onder die dak te weerspieël.

Daar is ook sprake dat die vlaggie in die toekoms gebruik sal word om die tyd van die jaar aan Stellenbosch te verkondig. Aan die begin van die jaar sal dit bo-aan die mas wapper; tydens Intervarsity nog 'n bietjie hoër, en met Juniortyd sal dit glo in 'n kussingsloop hang. Uiteindelik, teen predikatedag, sal dit niks hoër as halfmas hang nie!

### PATENTREG

Daar word verneem dat Dagbreek van die mening toegedaan is dat hulle die patentreg op die idee van vlae verkry het, en bewaar die koshuis wat dit sal waag om na te aap!

Soos daar egter in hul Gedenkboek vermeld word, het Wilgenhof in 1924 reeds 'n vlag gehad. Gedurende hul re-unie in 1950 het hulle ook 'n vlag laat wapper — 'n donkergroen vlag met die huiswapen in goudkleur daarop geverf.

## Volkspelelaer

Die bestuur van die Volkspelelaer wil graag die aandag van lede daarop vestig dat die nuwe bestuur vir 1952 gekies sal word op Vrydagaand, 7 September. Almal wat belangstel, veral ingeskrewe lede, word versoek om daar te wees, al kan hulle net kom vir die bestuursvergadering om 9 nm.


APTEKERS

*Probeer Ons*
*Vir Afdrukke*
*En Vergrotings*
*Van U Negatiewe*

**JOERNING EN SEUN**
(EIENS.) BPK.
FOON 24
H/v BIRD- en PLEINSTR.,
STELLENBOSCH


## Skinderstories

HALLO VRINNE!

As **mevrou Elize Ziervogel** van 'n **eerstejaar** 'n skiet kan kry, dan is my niggie, 'n studente in die finale jaar verniet so onrustig . . . en terwyl ek nou met die Afdeling Spraak, Voordrag en Toneel besig is, **Maré Geldenhuys** praat deesdae net in aanhalings uit Van Wyk Louw, terwyl **Chris Lombaard** glo met „Die Dieper Reg" onder sy kopkussing slaap om hom nog beter in sy rol in te leef.

Ek het nooit verstaan waarom ek deesdae so min van **Florida du Toit** sien nie, maar toe hoor ek sy's baie besig om trousseau te maak en **Estelle ter Burgh** en **Finnie Pieterse** is net so ywerig. Toe die S.O.D.-klas vir **mevrou Hatakka se baba** 'n geskenkie gekoop het, het hulle saam met **Cecile Mostert** en **Betsie Odendaal** in 'n optog na Hofmeyrhuis marsjeer om die baba te sien.

**Edwin Pienaar** het verloof geraak aan 'n oud-Matie, **Fleurette Stander,** en dan sê ons ook nog baie geluk aan **Con Hofmeyr** en **Edith Joubert** met hulle verlowing. Wat was ek nie verras om te hoor dat **Nick** en **Anna van Rensburg** verloof is nie. Veels geluk, julle twee.

Die verlowings is nou werklik aan die orde van die dag en dis nog nie eens behoorlik Lente nie.

Dit laat my aan **vaak Juniors** en **besige Juniors** en **vlottebou Juniors** dink. Hulle is so hard besig dat mens nuuskierig word om te weet. Ek het amper nou die dag vir **Ilse Jonker** en ander Junior-dames aan die Dagbreek ontbyttafel uitgevra oor dje vlottebouery, maar hulle swyg soos die graf.

Van swyg gepraat, **Diekie Olivier** skop toe mos nou die aand selfs 'n ruit uit om hom hoorbaar in die straat te maak. Om drie-uur vm. 'n besoek van 'n klomp sadistiese eerstejaars te kry, is nie juis te aangenaam nie, nè?

As veiligheidsklep teen wat in Juniortyd kan gebeur hoor ek mos dat **Theunie Jordaan** en sy **Lelie** tydelik verloof geraak het. Geluk, julle outjies!

**Kalpie Loots,** het jy al uitgevind waar die Odeon is? Klim maar net in die O.K.B., hy ken die pad soheentoe.

**Hekkie Schoeman, Awie Keevè, Japie Coetzee, Rean Loubser** en **Kobus Gresse,** geluk met julle mondigwording. Te oordeel na die soete klanke van **Kobus** se ghitaar (of hoe?) het julle mos sommer die geleentheid op 'n „hoge" wyse gevier.

**Elsabè Els,** het adv. . . . (?) jou nou oortuig dat die regsfakulteit nie so slegs is nie?

**Jack Coetzer** is banger vir die tandarts as vir Sonop se meisies. En dan wou ek by **Piet de Kock** uitvind of tennis ook 'n deel is van die dieet — „Man Alive, You're Half Dead," want hy speel deesdae met mening. **Fred Burger** het vir hom 'n bestuurder gekry omdat hy sy volle aandag by sy passasiers moet bepaal.

'n Mens bel deesdae verniet na Monica, want **Shirley Gericke** gesels die telefoondrade sinkplaat Swellendam toe. In elk geval, terwyl ons in spanning wag om te sien wie die volgende paartjie is wat gaan verloofraak, wys die Lente reeds sy tekens op die **Juniors** se gesigte en die katte se geraas snags by Huis-de-Villiers.

Vrinne, hou die bokant blink!

RONDLOPER.


DIE MATIE word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die Studente Verteenwoordigende Raad, Stellenbosch.


# No.1 BY TABAKKONINGS




*„Rembrandt is 'n goeie sigaret en die smaak verander nooit",*
sê Mnr. F. W. Young, welbekende tabakboer, Rustenburg.

## en wêreldberoemde sangers



*„Rembrandt is easy on my throat,"* sê **TITO GOBBI,** wêreldberoemde Italiaanse Bariton.

Al meer en meer rokers verkies Rembrandt se kwaliteit en smaak omdat die „room van die oes"-tabak wat daarin gaan, spesiaal verouder word langs die pragtige Bergrivier—die regte klimaat vir die beste sigaret. Daarom rook Tabakkonings en wêreldberoemde sangers, Rembrandt.

*Rembrandt*

DIE SIGARET MET „ROOM VAN DIE OES"-TABAK

RBCA. 17



# MATIES

HOFLIKHEID OP STRAAT

# RED LEWENS

FIETS VERSIGTIG — GEBRUIK DIE SYPAADJIES

ROAD SAFETY · PADVEILIGHEID

**Een uit elke Tien motoriste sal vanjaar in 'n ongeluk betrokke wees — 'n MATIE miskien.**